



Desember 2020

Stellenberger

2021 – 'n Jaar van verandering en vereenvoudiging

Deur: Ds. Marius Breytenbach



Die uitdagings wat die koronaviruspandemie meegebring het en waarmee ons land, die onmiddellike gemeenskap en die wêreld gedurende 2020 gekonfronteer is, het die gemeente se strategiekommissie en die kerkraad genoop om vernuwend te dink en te herbesin oor die gemeente se pad vorentoe. Daarmee saam gaan verskuiwings in ons predikantespan binne die volgende twee jaar plaasvind wanneer di. Callie Visagie en Why Duvenhage aftree. Die gevolg is die vereenvoudiging van ons bestaande bedieningsmodel om die volhoubaarheid van dienslewering te verseker. Ek deel graag die volgende besluite:

Eredienste in 2021

Die aanbieding van 'n verskeidenheid eredienste met diversiteit in bedieningstyle was nog altyd eie aan Stellenberg-gemeente. Ons is baie dankbaar dat 'n verskeidenheid dienste tydens die grendeltydperk aanlyn beskikbaar gestel kon word, en boonop baie goed ondersteun is. Ons moes behoorlik kopkrap

om 'n model te formuleer waarbinne 'n verskeidenheid eredienste saam met die inperkingsregulasies en die moontlikheid van verskerpte regulasies, aangebied kon word. Ons wil graag die familiediens in 2021 hervat en beoog ook om die meditatiewe dienste weer aanlyn beskikbaar te stel. Met die oog op sosiale distansiëring is die saalgedeelte van die kerk met tafels en stoele ingerig en bied dus die ideale ruimte vir die aanbieding van eredienste. Dit beteken ook dat die kleinsaal wat voorheen vir die familiediens benut is, voortaan vir die aanbieding van kategeseprogramme gebruik kan word, sodat veilige sosiale afstand tydens kategese-aanbiedings verseker kan word. Om die aanbieding van die oggenddiens en daarna die familiediens in die kerkgebou moontlik te maak, moes eredienstye ongelukkig aangepas word en daar word beoog om vanaf 31 Januarie 2021 dienste soos volg aan te bied:

Vervolg op bladsy 2 . . .

- **08:30 'n Oggenddiens** in die kerk met die Coram Deo-groep wat begeleiding sal hanteer. Die erediens se direkte uitsending, asook 'n opname van die erediens, sal ook weekliks aanlyn beskikbaar wees.
- **09:00 'n Meditatiewe diens** in die kapel. Na afloop van die diens sal 'n opname op ons gemeente se webblad geplaas word.
- **09:30 'n Familiediens** in die kerk. Die tydsduur van die diens word heelwat verkort sodat die Annibrand-juniorgroepe reeds om 10:10 kan begin en gesinne steeds, soos in die verlede, om 11:00 kan huis toe gaan.
- **18:00 Die Relevantdiens** in die kerk en aanlyn. Annibrand-seniorgroepe kom na die diens in verskillende lokale byeen.

Koffie en tee is voor die oggenddienste, asook na die dienste in die voorportaal van die kerk en in die teetuin beskikbaar.

Die aanbieding van dienste sal voortdurend in ooreenstemming met inperkingsmaatreëls geëvalueer word en veranderinge sal deurlopend deur middel van die webwerf en gemeentebulletin bekend gemaak word. Covid-19-protokol word nougeset gevolg sodat lidmate die dienste veilig kan bywoon. Sanitasie van die perseel word weekliks gedoen en lidmate word versoek om deurgaans maskers tydens die erediens te dra.

Almanakke vir 2021

Die gemeente-almanak vir 2021 sal teen einde Januarie 2021 beskikbaar wees. Almanakke kan in die

voorportaal van die kerk, of by die kerkkantoor, afgehaal word.

Beroeping van dr. André Agenbag

Dr. André Agenbag, wat voltyds in diens van die Sinode Wes-Kaapland werk, se versoek om aan Stellenberg-gemeente gekoppel te word, is op die kerkraadsvergadering van 25 November goedgekeur en 'n beroep vir dr. André Agenbag is deur die kerkraad uitgebring. Dr. Agenbag sal dan DV op Sondag 13 Desember in die gemeente bevestig word. Die beroep het geen koste-implikasie vir die gemeente nie, aangesien hy deur die sinode vergoed word.

Die leraarspan 2021-2022

Di. Why Duvenhage en Callie Visagie bereik beide binne die volgende twee jaar aftreeouderdom en sal die gemeente se diens gedurende 2022 verlaat. Ons sal in Januarie 2022 van ds. Callie Visagie afskeid neem en in Julie 2022 van ds. Why Duvenhage. Met die oog op die uitdagings wat die Covid-19-pandemie aan ons land en lidmate gestel het, gepaardgaande met die finansiële onsekerheid wat steeds vir die toekoms voorspel word, het die kerkraad besluit dat slegs een van die vakante leraarposte in 2022 gevul sal word. Die kerkraad het die aanbeveling bekragtig en daar word dan beoog om 'n aanstelling in Februarie/Maart 2022 te maak. In die volgende twee jaar sal die leraarspan aandag gee aan dié oorgangsproses om te verseker dat dit so glad moontlik sal verloop.

Vervolg op bladsy 3 . . .

Samesteller: Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

Bydraes en voorstelle: sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG Kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

. . . vervolg vanaf bladsy 2

Kantoorpersoneel

- Ons groet vir Marilize Verreyne, feesmarkorganiseerder, wat aftreeouderdom bereik het en na 'n dienstydperk van ag jaar die tuig teen einde November 2020 neergelê het. Marilize het haarself as 'n knap organiseerder met baie vindingrykheid bewys. Sy sal onthou word vir die wonderlike verhouding wat sy met feesmarkuitstallers en medewerkers opgebou het. Ons beste wense vergesel Marilize en haar man, Hendrik, in die nuwe lewensfase wat hulle betree.

- Marguerite Bester, finansiële bestuurder, het gedurende November 2019, na 25 jaar diens by Stellenberg-gemeente, aftreeouderdom bereik. Weens die onbestendigheid wat die koronaviruspandemie veroorsaak het, het Marguerite ingewillig om op kontrakbasis in haar pos aan te bly vir die duur van 2020 en sal dan eers teen einde Maart 2021 finaal uit haar pos tree. Die pos sal gevul word en is reeds geadverteer.

Lees saam deur die Bybel in 2021

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Die jaar 2020 sal nog lank onthou word as 'n jaar van groot uitdagings wat ons lewens op verskeie maniere geraak en verander het. Op verskeie terreine is ons gedwing tot heroriëntering en daarom wil ons almal aanmoedig om in 2021 deel te neem aan ons Bybelleesprojek en daardeur opnuut te beleef hoe dit jou lewe op God kan rig.



Die meeste van ons het met die Bybel grootgeword en is geleer dat dit sentraal in ons geloofsvorming staan. Alhoewel ons geleer is dat ons die Bybel gereeld moet lees, het 'n mens dit dalk nie in die praktyk toegepas nie. Dit mag ook wees dat wanneer ons die Bybel lees, ons verkies om weer en weer die ou bekende gedeeltes na te slaan en sodoende verby die minder bekende gedeeltes blaai. Hoe loop jou eie pad met die Bybel?

Raak so deel van die Bybelleesprojek:

Stellenberg-Bybelskool bied 'n Bybelleesprojek vir 2020-'21, wat reeds op 30 November 2020 begin het, aan. Die kursus is ook aanlyn op ons webwerf (www.stellenberg.co.za) beskikbaar.

- Die 2020-Bybelvertaling het pas verskyn. Oorweeg om juis hierdie Bybel aan te koop en in die leesprojek te gebruik. Daar is 'n kort kursus op ons webblad om jou aan die nuwe Bybel bekend te stel en kortliks te verduidelik hoe die verskillende Bybelvertalings en die metodes wat in vertalings gebruik is, van mekaar verskil.
- Bekom 'n gratis Bybelleesgids wat deur die Bybelgenootskap saamgestel is. Dit kan by die kerkkantoor, of op Sondag by die eredienste afgehaal word. 'n Mens kan egter enige Bybelvertaling gebruik om op jou eie tyd stelselmatig deur die Bybel te lees.

Om die oudste pelgrimstog ter wêreld aan te pak

Indien jou voete dalk reeds lankal jeuk om die bekende Camino-pelgrimstog aan te durf, lees gerus hier oor Mariette en Chris Opperman se staptog wat hulle in 2019 aangepak het. Stellenberger het met Mariette gaan gesels om meer te wete te kom rakende hulle belewenis van dié wêreldbekende pelgrimstog en waarvoor diegene wat beplan om ook dié tog te onderneem, op hul hoede moet wees.

Jy en Chris het 35 dae lank gestap, vanaf 7 September tot 12 Oktober 2019. Julle het dus 35 dae lank gestap. Is dit hoe lank dit 'n mens neem om die roete te voltooi? Sou jy sê September/Oktober is 'n goeie tyd, wat weer aanbetref, om die pelgrimstog aan te pak?

Daar is verskeie roetes wat op verskillende plekke in Europa begin en by Santiago eindig. Die roete wat ons

gestap het, was die Camino Francés. Dit begin by St. Jean Pied de Port in die Pireneë en eindig 800 km later by Santiago de Compostela. Volgens die Brierley-toergids se indeling stap 'n mens dit in 33 dae. Die 33 dae verteenwoordig een dag vir elke jaar wat Jesus op aarde was. Ons het ná Santiago nog aanhou stap tot by Finisterre aan die Spaanse kus en het dus twee dae langer as 33 dae gestap.

Die beste weer vir stap, volgens my, is gedurende September en Oktober, wanneer dit herfs in Spanje is. Die dagtemperature wissel dan tussen 20 °C en 30 °C. Gedurende die lente in April- en Meimaand reën dit dikwels en die somermaande in Spanje, Junie- en Juliemaand, raak ontsettend warm.

Vervolg op bladsy 5 . . .



Foto links:

Mariette en Chris Opperman buite die pelgrimskantoor by St. Jean Pied de Port met hulle pelgrimsboekie en skulp in die hand.



. . . vervolg vanaf bladsy 4

Hoe fiks moet 'n mens wees om die pelgrimstog aan te pak?

Ek beveel aan dat 'n mens stapfiks moet wees. Dit is raadsaam om die eerste twee dae op die pelgrimstog nie verder as 15 km te stap nie, net om in 'n stapritme te kom en gewoon te raak aan die gewig van die rugsak, want om 'n rugsak te dra is nogal 'n aanpassing.

Hoe het julle voorberei om julle fiksheidsvlakke te verbeter?

Ons het 'n naweek in Houtbaai gaan bly en Chapmanspiek op en af gestap. Met drie sakke suiker van 2.5kg elk in ons rugsakke het ons so 10 km geloop.

Ons het ook twee keer vanaf Durbanville Hoërskool deur Aurora na Meerendal toe gestap. Dit is 'n lekker roete met 'n paar stewige opdraandes en die roete is ongeveer 17 km lank. Toe het ons weer 17 kg se boeke in ons rugsakke gepak. Die 15 km-roete in Majik Forest, hier naby in Proteavallei, is ook 'n goeie opsie om as 'n oefenroete te gebruik.

Die pelgrimstog, veral die gedeelte in die Pirieneë-bergreeks, het heelwat steil opdraandes, so dit sou wenslik wees dat 'n mens jou daarop voorberei.

Watter raad kan jy aangaande tekkies, sokkies, die dra van sakke en verblyf met ons deel?

- **Tekkies:** Volgens my is 'n mens se gunstelingmaak-tekkie die beste keuse. Jy stap die heelyd op grondpad. Ek het vir my K-Way-tekkies met 'n sogenaamde Vibram-sool by Cape Union Mart gekoop. Na 800 km het my twee taxi's, soos Chris dit gedoop het, steeds soos 'n droom geloop.
- **Sokkies & Vaseline:** Gewone drafsokkies met "inner socks" het vir ons goed gewerk. Ons het ook elke oggend ons voete met doodgewone

Vaseline ingesmeer en na elke 8 km gestop en weer die voete met Vaseline gelawe. Ons was baie gelukkig en het nooit blase gekry nie. Pleisters vir blase was wel volop en by enige apteek op die roete te koop. Ons het ook gesien dat stappers wat hulle blase met 'n naald oopgesteek het, dikwels infeksie in die seerplek opgedoen het en dan moes hulle ophou stap.

- **Stapstokke:** Ons het met K-Way-stapstokke gestap, waarsonder ons sekerlik nie so lekker oor die weg sou gekom het nie. Die stokke help 'n mens om jou gewig beter te verplaas en goeie balans te handhaaf.
- **Rugsakke:** Die ideale afstand per dag is so 25 km, maar op die dae wat ons 30 km moes aflê, het ons ons rugsakke deur die koerierdiens wat op die roete beskikbaar is, vooruit laat stuur. Dit is 'n wonderlike diens – betroubaar en so maklik om te gebruik. Al wat jy hoef te doen is om jou rugsak by die blyplek waar jy oornag agter te laat, saam met 4 euro in 'n koevert, asook die adres waar die rugsak afgelewer moet word. Gedurende die dag dra jy dan net 'n klein rugsakkie met water, dokumente, versnaperinge en 'n selfoon daarin.
- **Skaapvelle:** Tydens ons eerste oefensessie, nog in Suid-Afrika, het ek al begin voel hoe die rugsakbande my skouers seermaak. Ek het toe 'n blink plan beraam en Chris se ou skaapvelpantoffels opgesny en die skaapvelstroke onder my rugsak se bande ingedruk. Ek het nooit sonder die skaapvelle gestap nie en my skouers het ook nooit weer seergeraak nie.

Vervolg op bladsy 6 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 5

- **Verblyf:** Daar is natuurlik verskillende opsies beskikbaar en 'n mens moet kies wat by jou eiesoortige behoeftes pas.
 - Munisipale verblyf bied gratis oornagfasiliteite aan pelgrims, maar 'n donasie van 5 euro word aanbeveel. Geen bespreking kan vooraf gedoen word nie en daar kan tot 80 persone saam in 'n lokaal slaap. Slaapplek raak oor besige periodes ook vinnig vol.
 - *Albergues* is volop. In die *albergues* slaap minder mense in 'n lokaal, gewoonlik so ag persone, maar dit kan meer of minder ook wees, en dit kos ongeveer tussen 5 en 15 euro per persoon.
 - *Apartamento's, hotel, hostel of pensión:* Dit was my en Chris se keuse vir oornagverblyf. Die opsie bied 'n mens die geleentheid om verblyf vooruit te bespreek en ons kon al ons verblyfbesprekings dus reeds in Suid-Afrika afhandel. Ons het tussen 30 tot 40 euro vir 'n dubbelkamer met ons eie badkamer, of soms 'n gedeelde badkamer, betaal. Die verblyf was deurgaans silwerskoon en ons het oral baie lekker geslaap.

Die roete loop deur plattelandse dorpe. Is die plaaslike mense vriendelik en behulpsaam?

Die plaaslike mense is baie vriendelik en behulpsaam, maar hulle Engels is baie beperk. Die meeste inwoners op die platteland kan geen Engels praat, of verstaan nie. *Google translate* is van groot waarde.

Ek het voor ons vertrek het by *Xavier*, wat as *Gabeer* uitgespreek word, 'n paar Spaanse lesse geneem. Dit het darem gehelp dat ek woorde reg kon uitspreek en enkele sinne kon sê.

Wat doen 'n mens indien iemand in die stapgroep siek word, of 'n enkel verstuit, of erger? Is daar hulp beskikbaar?

Die meeste dorpies op die Camino-roete is baie klein met gemiddeld 80 inwoners, maar daar is gewoonlik 'n apteek waar 'n mens hulp kan ontvang. In die groter dorpe sal daar 'n dokter beskikbaar wees. Stappers help mekaar ook en daar sal altyd iemand wees wat bereid is om telefonies vir hulp te skakel. Ek het 'n storie gehoor van 'n man wat 'n hartaanval langs die pad gekry het en daar is toe blykbaar binne 20 minute 'n helikopter gereël om hom na die naaste hospitaal te neem.

Vir diegene wat nie tyd het om die hele pelgrimsroete van 33 dae te stap nie, wat sou jy voorstel is die minimum aantal dae wat 'n mens behoort te stap en watter gedeelte van die roete sal jy dan vir sulke stappers aanbeveel?

Om 'n amptelike Compostela-sertifikaat te ontvang, móét 'n mens die laaste 100 km aflê en dit neem ongeveer vier dae van Sarria tot by Santiago. Dit is 'n baie mooi area wat die landskap betref. Die moeilikheidsgraad van roetes verskil, maar 'n mens kan enige gedeelte van enige roete stap. Net solank jy by Santiago eindig. Dit bly 'n onbeskryflike gevoel om uiteindelik op die plein voor die *Catedral de Santiago* te staan saam met 'n menigte ander uitbundige *peregrino's* (pelgrims) wat oral staan, sit, lê en natuurlik vir honderde selfies poseer.

Watter landskap en dorpie was vir jou die mooiste op die roete?

Ons het deur vyf verskillende landskappe gestap, waarvan die Navarra-streek vir my die mooiste was en Valcarlos (Vallei van Karel die Grote) die mooiste dorpie. Ek kan dit soos volg opdeel:

- Die Navarra-streek is prentjiemooi.
- Die Rioja-streek is bekend as die wynstreek.

Vervolg op bladsy 7 . . .

- Die Meseta-streek lyk soos ons Karoo.
- León Solo bestaan uit plase en woude.
- Galisië het ook plase en woude, maar saam met 'n kusgedeelte.

Is daar baie ander mense op die roete, of stap 'n mens meestal alleen?

Daar was dae wat ons lang ente alleen gestap het, maar ons het tog altyd stappers iewers langs die pad raakgeloop. Hoe nader 'n mens aan Santiago kom, hoe meer mense is daar saam op pad.

Hoe lyk die veiligheidsaspek op die roetes?

Dit is juis een van die redes waarom dit so lekker is om die Camino te stap, omdat dit so veilig is. Jy kan maar jou rugsak buite los as jy iewers koffie drink, of alleen deur die woude stap. Ons het nooit iewers onveilig gevoel nie.

Wat maal deur 'n mens se gedagtes as jy elke dag so stap?

Brierley sê in sy boek om die Camino te stap, is 'n *outer and inner journey*.

- My *outer journey* was om die Camino-roete fisies te stap.
- My *inner journey* was om saam met die mense wat almal deel van my lewenspad is, of was, te stap.

Ek het vooraf vir my 'n lysie gemaak om elke dag saam met iemand, of 'n groep mense wat deel van my lewenspad is, of was, te *walk & talk* – mense soos byvoorbeeld my ouers, kinders, familie, kerkvriende, werksmense, skoolkennisse, bure, leeskringvriende en troeteldiere. Ons het gemiddeld sewe ure per dag gestap, so ek het lekker baie tyd gehad om met ou vriende in my gedagtes te gesels.

Help die stappery 'n mens om jou gedagtes uit te sorteer en ou spinnerakke 'n bietjie uit te skud, of het jy dit nie self ervaar nie?

Daar is mense wat stap vir religieuse redes of om, soos jy dit stel, spinnerakke uit te skud. Ons het byvoorbeeld vir Béda, 'n pelgrim uit België ontmoet, wat op daardie stadium toe reeds vir drie maande gestap het, juis om haar kop skoon te maak. Toe Chris vir haar vra: “*Is your mind clear now?*” antwoord sy: “*Yes, now I have space for new problems*”. Dit was vir my lekker om elke dag aan 'n tydperk in my lewe te dink en aan die mense wat daardie tyd van my lewe met my gedeel het.

Die Rooms-Katolieke Kerk het sy eie gebruike en tradisies. Het jy tuis gevoel in die katedrale wat jy op die roete besoek het en kon jy die teenwoordigheid van die Here in die katedrale beleef?

O ja, as daar 'n kerkie of katedraal was, het ek eers ingegaan om 'n kersie aan te steek en om soos Izak de Villiers in een van sy boeke gesê het, “die heiligheid en stilword in die mistieke teenwoordigheid van God te beleef”. Die prag en praal in elke katedraal was vir my asemrowend mooi.

Ons het ook die pelgrims in Santiago se katedraal bygewoon. Dit is 'n belewenis wanneer die priester met sy gevolg binnekom en 'n 1 000 stemme in Spaans sê: “*All people praise the Lord*”. Die orrelspel, priester se sang en non wat soos 'n engel sing, het 'n heilige mooiheid geskep. Die diens was hoofsaaklik in Spaans, nagmaal is bedien en toe volg die *botafumeiro*. Vanuit die sentrale koepel van die katedraal hang 'n silwer wierookbal wat 53 kg weeg en teen 'n spoed van tot 70 km per uur kan swaai, terwyl dit wierook vrystel. Agt mans beheer die swaai van die bal met behulp van 'n ingewikkelde katrolstelsel. In die Middeleeue is dit gebruik om die reuk van die onwelriekende pelgrims wat van Frankryk tot Santiago gestap het en maande lank nooit gewas het nie, te verdryf. Vandag is dit die simbool van die *peregrino's* se gebede.

Vervolg op bladsy 8

. . . vervolg vanaf bladsy 7

Wat was vir jou aangrypend tydens, of oor, die pelgrimsroete?

Die ontstaan en geskiedenis van die oorspronklike pelgrimsreis bly vir my aangrypend en baie interessant.

- **44 n.C.:** Apostel Jakobus word onthoof deur Herodes. Sy kop en liggaam word volgens oorlewering in 'n klipboot met 'n engel as stuurman van Palestina na Spanje vervoer.
- **800 jaar later:** Jakobus se beendere word opgegrawe op die plek waar Santiago vandag is. Dit is op dié plek waar die pelgrims vergifnis kon ontvang en dit was dan ook oor die eeue heen die motivering vir die pelgrims se pelgrimstog na Santiago.
- **12de eeu:** Priester Picaud beskryf die roete tussen die Pireneë en Santiago in sy boek.
- **Camino Francés:** Omdat baie Franke die roete gestap het, word dit die Camino Francés genoem.
- **Sant** (Heilige) + **Iago** (Jakobus) = **Santiago**
- **El Camino de Santiago** = Die weg/pad van die Heilige Jakobus



Het jy met nuwe voornemens oor die lewe teruggekeer?

Enkele dae nadat ons begin stap het, het ek in die verbygaan vir 'n jongman gevra waarom hy die Camino stap. Hy het dit vir my so goed opgesom en die volgende gesê:

- *For the beauty*
- *The climate*
- *The culture*
- *To exercise*
- *Breathe fresh air*
- *Eat good food*
- *Meet people*
- *For reflection on my life*
- *Spiritual prayers*
- *Simplicity*

My niggie het die laaste een bygevoeg en dit as die tien gebooie van die Camino gedoop.

Dit som vir my die pelgrimstog in ds. Philipp Dietmann se woorde tydens een van sy meditatiewe dienste op en bevestig opnuut: "In eenvoud is God".

Foto links: Puente la Reina is 'n pragtige klein dorpje in Spanje se Navarre-streek. Koning Sancho III se vrou het tydens die Middeleeue opdrag gegee dat die brug gebou word sodat pelgrims die rivier veilig kan kruis.

Foto regs: Die uitsig oor die mooi dorpje Valcarlos.

Die nuwe 2020 - Afrikaanse Bybelvertaling

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Wanneer 'n mens al die verskillende Bybels wat in jou huis is, opstapel, sal die hopen hoog wees. Waarom dan nog 'n Afrikaanse Bybel aankoop en waarom was 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling nodig?


Daar bestaan baie misverstande rakende vertalings van die Bybel. Bybelvertalings vervang nie mekaar soos met nuwe weergawes van rekenaarsagteware nie – hulle staan eerder langs mekaar. Daar is hoofsaaklik drie tegnieke om die bronteks van die Bybel, of te wel die oudste en mees algemene weergawe van die Griekse en Hebreeuse teks, te vertaal. Ons is bevoorreg om vir elkeen van die drie benaderings 'n vertaling in Afrikaans te hê.

Die 1933/53-vertaling maak gebruik van 'n woord-vir-woord-vertalingstegniek waarin elke Hebreeuse en Griekse woord so na as moontlik aan die oorspronklike betekenis vertaal word.

Ons weet egter ook dat betekenis nie net in individuele woorde lê nie, maar in sinne en gedagtes. In die 1983-vertaling is dus van so 'n dinamies-ekwivalente-vertaaltegniek gebruik gemaak. Daarvolgens is eerder 'n gedagte of sin, in plaas van net 'n individuele woord op 'n slag, vertaal.

Die Boodskap, wat in 1997 verskyn het, maak weer van 'n vryer vertalingstegniek, waarin die betekenis van frases vertaal word, gebruik.

Die diagram in die regterkantse kolom wys hoe verskillende Bybelvertalings volgens die vertaaltegnieke op 'n lyn langs mekaar lê. Die 2020-Afrikaanse vertaling lê tussen die woord-vir-woord- en die gedagte-vir-gedagte-vertalingstegnieke.



In die voorwoord van die Bybelgenootskap se vertalingsprojek word die 2020-vertalingsopdrag soos volg beskryf: Die skep van 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl die beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

Daar is twee swaartepunte in hierdie vertaalopdrag, naamlik die bepalinge so getrou moontlik aan die bronteks, en in goeie verstaanbare Afrikaans. So getrou moontlik aan die bronteks impliseer nie net dat die vertaling 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees nie, maar ook dat die bronteks se beelde, metafore, styl en struktuur so ver moontlik behou moet word. Daar moes dus gepoog word om alles wat kenmerkend van die bronteks is, getrou weer te gee. In goed verstaanbare Afrikaans impliseer onder andere dat die vertaling 'n duidelike, maar steeds getroue, weergawe van die betekenis van die bronteks en van hoë letterkundige gehalte moet wees.

. . . vervolg vanaf bladsy 9

Die nuwe vertaling is gevolglik 'n direkte vertaling wat daarna streef om só te vertaal dat die Bybelskrywers in vloeiende, idiomatiese Afrikaans en in hulle eie woorde van duisende jare gelede self aan die woord gestel word. In dié opsig verskil die vertaling van 'n woord-vir-woord-vertaling. Dit kan dus ook beteken dat 'n sinskonstruksie wat met 'n bepaalde doel in die bronteks ongewoon is, indien moontlik, in Afrikaans ook so (ongewoon) weergegee word.

Daar is groot verskille in die struktuur en segswyse van die brontale en Afrikaans. Baie van die verskille hou verband met die eiesoortigheid van konvensies en ervaringswêreldes van die verskillende taalgemeenskappe. Aangesien blote formele

Dr. André Agenbag stel homself voor . . .

Ek is 'n boorling van Caledon en het my hoërskoolloopbaan in Port Elizabeth afgesluit, waar ek ook twee jaar as dienspligtige deurgebring het. Hierna het ek my teologiese studies aan die Universiteit van Port Elizabeth in 1989 begin en dit in 1995 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Suidkus-gemeente in Amanzimtoti was my eerste gemeente.

Tydens die fase van my lewe, in 1997, is ek en Marnel Meiring in die pragtige Moederkerk op Stellenbosch getroud. Sy is 'n Afrikaansonderwyser en die afgelope klompie jare die hoof van die Afrikaans-departement by Reddam House in Durbanville. In 1999 het ek 'n beroep na Lynnwood-gemeente in Pretoria aangeneem, waar ek verantwoordelik was vir die Engelstalige en multikulturele Andrew Murray-gemeente, wat as 'n wyk by Lynnwood ingelyf was.

ooreenkomste tussen die brontale en Afrikaans nie getrouheid aan die brontale waarborg nie, is daar gepoog om die betekenis en/of funksie van elke brontaalkonstruksie en beeld, hetsy op woord-, sins- of teksvlak, te verstaan, met inagneming van die eie aard van die brontaalgemeenskap, en dan weer te gee op 'n manier wat rekening hou met die eiesoortigheid van Afrikaans.

Die 2020-vertaling met uitgebreide voetnotas en studiehulpmiddels belooft om 'n groot aanwinst te wees en bied 'n mens die geleentheid om jou Bybel weer opnuut te ontdek. Dit sal by boekwinkels beskikbaar wees en kan ook by die Bybelgenootskap se kantoor in Bellville gekoop word. Vroeg in die nuwe jaar kan bestellings ook weer by die kerkkantoor geplaas word.



Vervolg op bladsy 11 . . .

In 2000 word ons eersteling, Mieke, gebore. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Stellenberg en het pas haar tweede jaar in Intermediêre Onderwys op Wellington voltooi. In ons middelkind, is tans besig met die laaste stuiptrekkings van sy matriekeksamen aan die Hoërskool Stellenberg. Hy is in 2004 gebore, dieselfde jaar waarin ek 'n beroep na die New Port Richey United Church of Christ in Florida, VSA, aangeneem het. Aan die einde van daardie jaar word ek terug beroep na ons geliefde Suid-Afrika, waar ek predikant van die Andrew Murray-gemeente in Johannesburg word en kort na ons terugkoms word ons jongste kind, Jana, gebore. Sy is nou aan die einde van haar graad 10-jaar aan die Hoërskool Stellenberg.

In 2009 aanvaar ek 'n beroep na Sonstraal-gemeente in Durbanville en in 2017 na Durbanville-moedergemeente. Vanaf 1 April 2020 is ek Predikant in Sinodale Diens met die opdrag Gemeentebegeleiding op Stellenbosch. Ons woon steeds binne die grense van Stellenberg-gemeente en ek het dus reeds die voorreg gehad om vir twee

termyne die gemeente se konsulent te wees. As sodanig was ek op 'n manier betrokke by die beroepingsprosesse van verskeie van die leraars die afgelope klompie jare. Weens die feit dat ek nou al vir bykans 11 jaar in dieselfde ring as Stellenberg is, is ek goed bekend met Stellenberg. Oor die jare heen het ek, soos soveel ander, groot waardering en respek vir hierdie gemeente ontwikkel. Dit is vir my 'n groot voorreg om as PSD aan Stellenberg-gemeente gekoppel te word en om deel van die span te word. Ek sien uit na die reis saam met julle!

*Dr. André Agenbag, wat voltyds in diens van die Sinode Wes-Kaapland werk, se versoek om aan Stellenberg-gemeente gekoppel te word, is op die kerkraadsvergadering van 25 November goedgekeur en 'n beroep vir dr. André Agenbag is deur die kerkraad uitgebring. Die beroep word aan die gemeente bekend gemaak met die oog op approbasie en dr. Agenbag sal dan DV op Sondag 13 Desember in die gemeente bevestig word. Die beroep het geen koste-implikasie vir die gemeente nie, aangesien hy deur die sinode vergoed word.



Die jaarlikse graad 8-kamp, wat fokus op die oriëntering van dié groentjies se toetrede tot die hoërskool, word in 'n aangepaste formaat aangebied en sal vanaf 21 tot 22 Januarie 2021 op die kerk- en skoolterrein plaasvind. Ouers kan hul graad 8's op die kerkterrein aflaaï en smiddae weer oplaai. Hulle sal saans tuis slaap. Inskrywingsvorme en volledige besonderhede is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.

Flesse vol lekkerte

Hierdie kleurvolle flesse stampvol gestop met lekkers en koekies gaan Kersfees vanjaar vir heelwat kindergesiggies opvrolik. Op die heel onder is ds. Why Duvenhage en Lindy van Wyk de Vries besig om die kleurvolle flesse uit te sorteer en vir versending te verpak. Baie dankie aan lidmate wat bygedra het tot dié vrolike Kersprojek.

